


<u>**2025/12/31**</u>

<u>**Getroue dienaars van God**</u>

**Josua 22:5 - Let baie goed daarop dat julle die gebod en die wet wat Moses, die dienaar van die Here, julle voorgehou het, moet gehoorsaam. Dit beteken dat julle die Here julle God moet liefhê, die koers moet inslaan wat Hy van julle verwag, bedag moet wees op wat Hy wil hê, daaraan vashou en met hart en siel vir Hom lewe."**

**1. Jou respek vir die Woord moet oorheersend wees**

*Psalm 119:9*: **"Hoe kan 'n jong man sy pad suiwer hou? Deur hom te hou aan U Woord."**
In Deuteronomium 6:6-7: **"Hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees. Jy moet dit inskerp by jou kinders..."**

- **Lees dit daagliks, nie net op Sondae nie.**
- **Luister met 'n sagte hart.**
- **Leef dit uit in die klein dinge.**

**2. Jou verhouding met God moet gekoester word**

**"...dat julle die Here julle God moet liefhê..."**
*Deuteronomium 6:5:***"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag."**
Johannes 14:15: **"As julle My liefhet, sal julle My gebooie onderhou."**

- **Bou tyd saam met God in.**
- **Vertel Hom gereeld dat jy Hom liefhet.** Dis vreemd hoe maklik ons dit vir mense sê, maar selde vir God. Hy verlustig Hom in Sy kinders se liefde.
- **Kweek dankbaarheid**
- **Vertrou Hom in moeilike tye.**

**3. Jy moet ALTYD op God vertrou**

**"...bedag moet wees op wat Hy wil hê..."**
*Spreuke 3:5–6* sê dit pragtig: **"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insig staatmaak nie; ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak."**

**Dit beteken jy kies om jou eie wil neer te lê.**

Psalm 56:4**: "Wanneer ek bang is, vertrou ek op U."**

- **Bid voor jy besluit.**
- **Wees sensitief vir Sy stem.**.
- **Hou aan glo, selfs in wagtyd.**
- **Vertrou Hom met jou "hoekom."**

**4. Jou gereedheid om te dien moet jou fokus wees**
**"...en met hart en siel vir Hom lewe."**
*Romeine 12:1:* "**Ek vermaan julle dan, broers, by die ontferming van God, om julle liggame te stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer—dit is julle redelike godsdiens."**
*Kolossense 3:23:* **"Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie."**
**"Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien..." (Markus 10:45)**

- **Wees bereid.**
- **Dien met blydskap.**
- **Dien met volharding.**
- **Dien saam met ander.**

1 Korintiërs 15:58: **"Wees standvastig, onbewegend, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."**

AFSLUIT
Wanneer Josua die volk toespreek, gee hy nie 'n nuwe wet of 'n swaar las nie, hy herinner hulle aan die hart van hulle roeping: **om vir God te leef, volkome, met hart en siel.**
Dis asof Josua sê: "As julle net *hierdie* vier dinge onthou, sal julle op die regte pad bly."

1. **Laat jou respek vir die Woord oorheersend wees.**

2. **Koester jou verhouding met God.**

3. **Vertrou altyd op Sy wil.**

4. **Leef gereed om te dien.**